

Die Taalbenadering van die Universiteit Stellenbosch

29 Julie 2014

"It has become fashionable in certain political circles to talk about multilingualism and multiculturalism as if they were recent discoveries instead of what they really are: a condition of life as old as the human species."

(Daniel Nettle & Suzanne Romaine in *Vanishing Voices*, 2000)

In 'n tydvak waarin die konsep hoopskepping so 'n sentrale rol in alle aktiwiteite van die Universiteit Stellenbosch (US) het, moet die aandag ook op die rol van taal val. Deel van hierdie hoop is ons as Suid-Afrikaners se behoefte om deur ons diversiteit ook ons kollektiewe krag te vind in 'n wêreld waarin die uitdagings steeds groter en komplekser word. Hierdie diversiteit sluit natuurlik ook die talige diversiteit in ons land in.

Ons belyn verder ons benadering tot taal met die *Nasionale Ontwikkelingsplan 2030*, 'n omvattende plan waarin duidelike uitsprake gemaak word oor die belangrikheid van meertaligheid, die voortgesette ontwikkeling van ons land se tale en die noodsaak om mense se vaardigheid in meer as een taal te ontwikkel. Maar uiteraard moet ons benadering ook aansluit by die Universiteit se *Institutionele Voorneme en Strategie*, wat onder andere ons Visie 2030 insluit:

Die Universiteit Stellenbosch as inklusief, innoverend en toekomsgerig: 'n plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbendes kennis bevorder.

Die essensie van die Universiteit Stellenbosch (US) se taalbestuursmodel is dat ons 'n meertalige benadering volg waarbinne Afrikaans as akademiese taal aangewend en bevorder word, terwyl ons die waarde van Engels as internasionale akademiese taal benut. Verder bestee ons aandag aan die oordeelkundige bevordering en aanwending van isiXhosa as akademiese taal en as taal van sosiale omgang. Die US volg dus 'n dinamiese proses om die Universiteit meer inklusief en meer divers te maak, ook deur ons taalaanbod. Deur ons meertalige benadering bevorder ons institutionele meertaligheid (die gebruik van meer as een taal deur die instansie) en individuele meertaligheid (die gebruik van meer as een taal deur die individu).

Inklusiwiteit word bevorder deur veral Afrikaans en Engels in ons onderrig en omgang te gebruik. In die onderrigkonteks word die twee tale in verskillende gebruikskonfigurasies aangewend, naamlik parallelmedium (klasgroep word verdeel in twee strome, een Afrikaans en een Engels), opvoedkundige tolking tussen Afrikaans en Engels, dubbelmedium (Afrikaans en Engels word in dieselfde klas gebruik) en in 'n minderheid van die gevalle slegs Afrikaans of slegs Engels. Studiemateriaal soos moduleraamwerke, studiegidse en assesseringsopdragte (bv. toetse) word in Afrikaans en Engels aangebied. Met hierdie gemengde taalmodel wil ons 'n afgestudeerde lewer wat begrip het vir die meertalige konteks in die land en wat in daardie meertalige konteks sal kan funksioneer.

Die Universiteit erken egter ook die rol van die Afrikatale in ons meertalige bestel, en wil 'n bydrae maak deur die aktiewe bevordering van isiXhosa as belangrike plaaslike en veral ontluikende akademiese taal.

Die belang van ons studente en personeel word verder bevorder deur 'n verskeidenheid mechanismes vir taalondersteuning, soos taalkursusse, lees- en skryfvaardigheidsontwikkeling, die vertaling van onderrig-leer-materiaal en ander dokumentasie, en tolking.

Afrikaans en Engels, en waar doenlik, ook isiXhosa word aangewend as die Universiteit se tale van bestuur en administrasie.

Maar ons wil ook rekenskap gee van 'n ander baie belangrike beginsel, naamlik dat taalbevordering en -aanwending ons almal se verantwoordelikheid is. Daarom het die Universiteit met 'n verbeeldingryke model vorendag gekom om, binne 'n institutionele Taalbeleid en -plan, taalbeplanning en -implementering op so 'n wyse te doen dat die universiteitsgemeenskap gedeelde eienaarskap en verantwoordelikheid vir taalbestuur aanvaar. Die bestuur van die Universiteit, alle fakulteite en steudienste, asook ons studente speel hierin 'n rol.